

## Giftige gasse

Maart 2023



Figuur 1. Chloor lek uit silinder wat val.

Bron: <https://www.voanews.com/a/jordan-negligence-responsible-for-aqaba-chlorine-tank-explosion/6644453.html>

### Wat het gebeur?

On June 27, Op 27 Junie 2022, was werkers besig om 'n 25-ton chloor houer op 'n skip te laai in Aqaba, Jordanië. 'n Hyskabel het gebreek en die chloor silinder het op die skip se dek geval en gebreek. 'n Groot geel gaswolk het gevorm en werkers is dadelik ontruim. Dertien mense is dood en 300 is in die hospitaal behandel.

Amptenare het later bevestig dat die gewig van die chloor houer "drie keer hoër was as wat die hys kables kon dra" en veiligheids maatreëls vir so 'n gevaarlike stof was nie in plek nie. Daar was nie 'n gekwalifiseerde persoon op die dek tydens die hys operasie om die hys toerusting en prosedures na te gaan nie.

Volgens kenners kon die insident katastrofies gewees het as die vorige skof se werkers nie kort voor die insident huis toe is nie. Die windrigting was ook so dat die gaswolk weggewaai is van die digbevolkte areas naby die hawe na die woestyn toe.

Voorsorg moet altyd getref word tydens chemiese laai prosesse om lekke te kan hanteer, of dit nou vaste stowwe, vloeistowwe of gasse is. In die geval was daar baie onnodige mense in die omgewing wat nie daar nodig was nie en blootgestel is aan die gaslek.

### Het jy geweet?

- Giftige gasse kan mense vergiftig teen relatief lae konsentrasies as dit in aanraking kom met die menslike liggaam.
- Giftige gasse word gegroepeer as irriterend soos chloor en ammoniak, asphyxiante (versmorend) soos stikstof en koolstof monoksied, narkoties soos stikstof oksied, en spesiale gifstowwe soos swawelwaterstof en waterstof sianied
- Inasem van giftige gasse kan onmiddellik fataal wees omdat longe 'n direkte roete na die bloedstroom is. Ander materiale word deur die vel en oë geabsorbeer.
- Giftige gasse is besonder gevaarlik omdat hulle baiekeer onder druk gestoor en vervoer word. As dit sou vrykom vergroot die gaswolk vinnig. Verskeie van die gasse soos koolstof monoksied en swawelwaterstof is onsigbaar en het min of geen waarskuwende reuk nie.
- Hys operasies is altyd gevaarlik. Verskeie lande vereis 'n formele ophys plan. Elemente van ophys planne en veiligheids maatreëls vir ophys van swaar toerusting of houers waar daar gevaarlike materiale is gaan bespreek word in 'n toekomstige Beacon.

### Wat kan jy doen?

- Voorbereiding vir materiaal hantering van giftige gasse moet altyd die moontlikheid van 'n lek in ag neem:
  - ✓ Wees altyd bewus van die materiale wat hanteer word, die toerusting, die mense in die omgewing en die onmiddellike omgewing waar jy werk.
  - ✓ Lees en volg die waarskuwings op etikette, plakkate en tekens waar giftige gasse gestoor en gebruik word.
  - ✓ Bly ver weg van ophys operasies en waarsku ander wat te naby is om weg te beweeg.
  - ✓ Weet waarheen om te gaan en wat om te doen as daar 'n lek is.
  - ✓ Moenie nader gaan aan gas lekke as jy nie opgelei is as 'n nood werker nie. Beweeg dwars teenoor die wind en uit die pad van die gaswolk na goedgekeurde skuilplekke.
  - ✓ Toets gasmaskers vir pas en gebruik dit waar nodig. So ook ander beskermende klere. Gebruik gas toetsers soos goedgekeur waar beskikbaar en wat geskik vir die spesifieke gas..

**Giftige gas kan dodelik wees. Neem aksie om jouself en ander te beskerm.**